

HOOFSTUK VI

KOLLEGES VIR GEVORDERDE TEGNIESE ONDERWYS

A. INLEIDING.

1. Die tegniese kolleges het in 1968 kolleges vir gevorderde tegniese onderwys geword.

Die tegniese kolleges in Suid-Afrika is 'n produk van die twintigste eeu. Die oudste kolleges het vroeg aan die begin van hierdie eeu ontstaan. Hulle was ook die eerste inrigtings wat beroepsgerigte onderwys bied (uitgesonderd die nywerheid-skole) wat deur die Unie-Onderwysdepartement oorgeneem is. Dié oornome is moontlik gemaak deur 'n omskrywing in Wet No. 5 van 1922 van hoër onderwys soos bedoel in artikel 85(iii) van die Suid-Afrika Wet. In hierdie omskrywing is aan die Minister van Onderwys magtiging verleen om hierdie soort inrigtings as inrigtings vir "hoër onderwys" te verklaar.¹⁾ Na aanleiding hiervan het hulle voortaan bekend gestaan as "verklaarde instellings". In die Hoger Onderwys Wet, van 1923²⁾ is hulle saam met universiteite (of universiteitskolleges) geklassifiseer as staatsondersteunde inrigtings. Die tegniese kolleges is vir die volgende 45 jaar ingevolge hierdie bepaalde Wet geadministreer totdat hulle aan die begin van 1968 verander is na kolleges vir gevorderde tegniese onderwys en 'n nuwe wet, die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1967 (Wet No. 40 van 1967), op hulle van toepassing geword het.

Ten einde verwarring te voorkom, moet daarop gelet word dat daar voor 1968 twee soorte inrigtings was wat as tegniese kolleges bekend gestaan het. Eerstens was daar die groot, outonome (eintlik semi-outonome) staatsondersteunde inrigtings (later kolleges vir gevorderde tegniese onderwys genoem) wat in hierdie hoofstuk behandel word. Daar bestaan tans vyf van hierdie inrigtings:

1) Finansiële Verhoudings Vierde Verlengingswet (Wet No. 5 van 1922), artikel 11.

2) Wet No. 30 van 1923.

Natalse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys
 Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys
 Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys
 Kaapse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys
 Vaaldriehoekse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys,
 Vanderbijlpark.

Tweedens is daar die heelwat kleiner staatsbeheerde departementele tegniese kolleges. Voor 1968 was daar slegs enkele van hulle. In 1969 het die vakleerlingskole ook die benaming tegniese kolleges gekry en vandag is daar 26 van hierdie departementele tegniese kolleges.³⁾ Hierdie inrigtings word in hoofstuk V bespreek.

2. Staatsondersteunde kolleges vir gevorderde tegniese onderwys.

Dié kolleges staan bekend as outonome inrigtings,⁴⁾ dog hierdie term kan misleidend wees in dié sin dat hulle eintlik semi-outonoom is: Hulle reël self hulle eie, interne skoolorganisasie maar dit word aan departementele inspeksie onderwerp; hulle moet volledig aan die Departement verslag doen van hulle finansiële posisie; hulle word grotendeels deur die staat gesubsidieer; en die Departement behou hom die reg voor om n aantal verteenwoordigers op die kollegeraad te benoem.⁵⁾ Hierdie aspek word later vollediger uiteengesit. Voorlopig word volstaan met die opsomming van Spencer in dié verband, n opsomming wat basies vandag nog geldig is:

".... the (Union) Government does not directly conduct the work of the Technical College. It aids that work. Each College is a corporation with an independent governing body of statutory constitution; the governing body is partly nominated, and partly re-presentative.... Thus the College are not maintained but aided institutions."⁶⁾

3) Erudita Publikasies, op.cit., p.151.

4) Vergelyk byvoorbeeld die gebruik van die woorde: "outonome status" van die kolleges (Van Zyl. Meer tegniese onderwys, p.143).

5) Kyk die kolleges se jaarverslae en inligtingsbrosjures.

6) Spencer, op.cit., p.28.

Die semi-outonome kolleges is deur die Staat gefinansier ingevolge die Wet op Hoër Onderwys van 1923 en tans ingevolge Wet No. 40 van 1967. As in aanmerking geneem word dat die gesamentlike uitgawes van die Sentrale Regering ten opsigte van hierdie kolleges gedurende 1970 R4 614 214 beloop het,⁷⁾ dan kan begryp word hoe diep die Minister van Nasionale Opvoeding sy hand vir hierdie doel in die staatskas moet steek. Die basis van subsidiëring word van tyd tot tyd gewysig om by veranderde omstandighede aan te pas.

3. Staatsbeheerde kolleges vir gevorderde tegniese onderwys.

Daar bestaan tans een van hierdie kolleges, te wete die Port Elizabethse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys. Dié kollege was voor die inwerkingtreding van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys van 1967 'n gewone staatsbeheerde tegniese kollege maar is vanaf 1968 ook as 'n kollege vir gevorderde tegniese onderwys geklassifiseer. Dit word nog, soos voorheen, as 'n staatsbeheerde inrigting geadministreer.

Die Kollege te Vanderbijlpark is op 1 Julie 1966 as 'n nuwe inrigting ('n tak van die Witwatersrandse Tegniese Kollege Kollege)⁸⁾ na die Staat oorgedra en het sedertdien ook as 'n staatsbeheerde inrigting gefunksioneer. Die eerste studente is in Augustus 1966 daar ingeskryf.⁹⁾ Hierdie kollege is egter gedurende Julie 1972 tot staatsondersteunde kollege verklaar.¹⁰⁾

B. DIE GESKIEDENIS VAN DIE TEGNIESE KOLLEGES VANAF 1922 TOT 1968.

1. Die historiese agtergrond van die tegniese kolleges voor 1922.

Die Pretoriase Politegniese Skool het in 1906 in Pretoria ontstaan en het hom toegelê op aandklasse vir die publiek. In 1908 is dié inrigting na die Transvaalse Onderwysdepartement

7) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.111.

8) Ingevolge artikel 3(1) van die Wet op Beroepsonderwys, 1955 (Wet No. 70 van 1955).

9) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1966, p.6.

10) Toespraak deur die Minister van Nasionale Opvoeding by die amptelike oorhandigingsplegtigheid, Tydskrif vir Tegniese en Beroepsonderwys, Desember, 1972 (No. 55), p.75.

oorgedra. Later het hy verander in die Pretoriase Ambagskool. Intussen is daar ook n handelskool in Pretoria gestig. Die Ambagskool is in April 1925 en die Hoër Handelskool in April 1926 na Unie-beheer oorgedra. Hierdie skole is in 1926 in die Pretoriase Tegniese Kollege geamalgameer en tot n plek van hoër onderwys verklaar.¹¹⁾

Die Durbanse Tegniese Instituut is in 1907 gestig. In 1915 is die naam verander na die Durbanse Tegniese Kollege. Die kollege is, nog steeds as n outonome inrigting, op 1 April 1922 na Unie-beheer oorgeplaas. In dieselfde jaar is die kollege se naam verander na die Natalse Tegniese Kollege.¹²⁾

Aandklasse wat deur die South African College in Kaapstad gereël is, het gelei tot die ontstaan van die Kaapse Tegniese Kollege. Op die S.A.C. se versoek het die Kaapse Skoolraad die klasse in 1909 oorgeneem. Die Skoolraad het in 1910 n voltydse prinsipaal aangestel en het sedert 1914 gereelde toe- laes van die Kaapse Onderwysdepartement ontvang. In 1921 is n nuwe kollegegebou in gebruik geneem en in 1922 is die kollege as n inrigting vir hoër onderwys verklaar en onder die beheer van die Unie-Onderwysdepartement geplaas.¹³⁾

Die South African College in Kaapstad het in 1894 n skema vir opleiding op die gebied van mynbou-ingenieurswese ingestel met onder andere een jaar onderrig in Kimberley. So het die South African School of Mines in Kimberley ontstaan. Hierdie inrigting is teen die einde van 1903 na Johannesburg verskuif en hieruit het die Transvaalse Tegniese Instituut ontstaan. Die Witwatersrandse Tegniese Instituut, soos dit later her- noem is, is in 1925 tot n inrigting vir hoër onderwys verklaar.¹⁴⁾ Dit het later die naam Witwatersrandse Tegniese Kollege gekry.

11) Serfontein. n Kort Geskiedenis van die Pretoriase Tegniese Kollege, p.13-24.

12) Rees. Natal Technical College 1907 - 1957, p.24, 89, 147 en 154.

13) Cape Technical College. An outline of the history of the Cape Technical College, 1907 - 1967, p.1-2.

14) Orr. op.cit., p.1, 2 en 19 en Witwatersrandse Tegniese Kollege. Beknopte Inligtingsbrosjyre, p.6.

Bogenoemde vier tegniese kolleges was die enigste kolleges wat hulle semi-outonome status end-uit behou het en wat uiteindelik in kolleges vir gevorderde tegniese onderwys ontwikkel het. Ander semi-outonome tegniese kolleges is later (na 1955) deur die Staat oorgeneem as volle staatsbeheerde inrigtings. Onder hulle tel die kolleges te Port Elizabeth, Oos-Londen, Pietermaritzburg en Bloemfontein.

2. Die oorname van die tegniese kolleges deur die Unie-Onderwysdepartement as semi-outonome inrigtings.

Gedurende en kort na die eerste Wêreldoorlog was daar toenemende bedrywighede op nywerheidsgebied in Suid-Afrika; baie goedere wat normaalweg ingevoer is, was gedurende en kort na die oorlog nie verkrygbaar nie vanweë die uitwerking van die oorlog op die nywerheidslande. Gevolglik moes baie van hierdie goedere plaaslik vervaardig word. Dit, asook die Regering se maatreëls ter beskerming van die plaaslike nywerhede na die oorlog, het 'n groter vraag na ambags- en tegniese personeel in die nywerheidsentra laat ontstaan. Ten einde die opleiding van vakleerlinge op 'n gesonde grondslag te plaas, het die Regering die Vakleerlingwet van 1922¹⁵⁾ uitgevaardig. Dié Wet het voorsiening gemaak vir die verpligte opleiding van vakleerlinge.

Die toenemende vraag na vakleerlingopleiding het die tegniese kolleges regstreeks geaffekteer deur hulle werksaamhede te laat toeneem. Die kolleges is versoek om die grootste deel van die vakleerlingopleiding dwarsdeur die land te onderneem.¹⁶⁾ As gevolg van finansiële probleme¹⁷⁾ van die provinsies het die Regering besluit om die tegniese kolleges oor te neem. Om dit te kan bewerkstellig, is besluit om onderwys gegee aan sodanige inrigtings as hoër onderwys te verklaar. Dit is gedoen in Wet No. 5 van 1922.¹⁸⁾ Dié Wet het dit dus vir die Unie-Onderwysdepartement moontlik gemaak om beheer oor die tegniese kolleges as inrigtings vir hoër onderwys te verkry.

15) Wet No. 26 van 1922.

16) Serfontein, op.cit., p.26.

17) Van Wyk, op.cit., p.134.

18) Artikel 11.

Die eerste inrigtings is in 1922 ingevolge hierdie Wet oorgeneem: Die Natalse Tegniese Kollege (vroeër die Tegniese Kollege, Durban) is op 1 April 1922 oorgeneem en die Kaapse Tegniese Kollege op 1 Oktober van dié jaar.¹⁹⁾

Die organisasie en administrasie van die tegniese kolleges onder die nuwe owerheid het egter nuwe probleme geskep en dit het gelei tot die ontstaan van die Hoger Onderwijs Wet, 1923. Hierdie Wet, met wysigings, het die hoeksteen van wetgewing in verband met tegniese kolleges gebly vir ongeveer vyf-en-veertig jaar. Soos reeds aangedui, is alle tegniese kolleges, nadat dit van die provinsies oorgeneem is, onder hierdie Wet geadministreer.

Na 1923 is die volgende tegniese kolleges onder die Hoger Onderwijs Wet geïnkorporeer:

Die Port Elizabethse Tegniese Kollege in 1925.

Die Witwatersrandse Tegniese Kollege in 1926.

Die Pretoriase Tegniese Kollege in 1926.

Die Oos-Londense Tegniese Kollege in 1926.

Die Pietermaritzburgse Tegniese Kollege in 1926.

Die Vrystaatse Tegniese Kollege in Bloemfontein in 1931.²⁰⁾

3. Die Hoger Onderwijs Wet, 1923 (Wet No. 30 van 1923).

Die tegniese kolleges wat deur die Regering oorgeneem is, is ingevolge hierdie Wet as "verklaarde instellings" (inrigtings vir hoër onderwys) beskou. Die kolleges is ook as staatsondersteunde inrigtings verklaar en het voortaan net soos die universiteite, wat ook ingevolge hierdie Wet geadministreer word, sekere toekennings van die Sentrale Regering ontvang.²¹⁾ Met die aanneme van hierdie Wet het die rade van die tegniese kolleges ook regs persoonlikheid gekry.

19) Van Wyk, op.cit., p.134.

20) Orr, op.cit., p.53.

21) National Bureau for Educational and Social Research. Education in South Africa, p.2.

Hierdie Wet het onder andere aan die Minister van Onderwys die bevoegdheid verleen om regulasies te maak ten opsigte van:

- a. Die samestelling, bevoegdhede en wyse van aanstelling van rade en die prosedures wat gevolg moet word by die vulling van vakatures;
- b. die diensvoorwaardes van die onderwys- en administratiewe personeel;
- c. inspeksie;²²⁾ ens.

Uit bogenoemde blyk dat die Wet sterk beherende en kontrolerende magte aan die Minister toegeken het alhoewel die Minister of die Unie-Onderwysdepartement nie regstreeks met die interne organisasie van die kolleges gemeid was nie.

Die Hoger Onderwys Wet, 1923, het op die tegniese kolleges van toepassing gebly tot aan die einde van 1967, behalwe vir dié kolleges of takke van kolleges wat na 1955 ingevolge Wet No. 70 van 1955²³⁾ deur die Regering oorgeneem is. Die Hoger Onderwys Wet het met ingang van 1 Januarie 1968 opgehou om op tegniese kolleges van toepassing te wees.²⁴⁾

4. Die era van semi-outonome bestuur, 1923 - 1955.

a. Groei van die tegniese kolleges.

Die tegniese kolleges het besonder vinnig gegroei sedert hulle onder die bepalings van die Hoger Onderwys Wet gekom het, soos blyk uit kommentaar en statistiek in hierdie verband. Reeds in 1928 het die Van der Horst-kommissie gewag gemaak van die merkwaardige groei van die kolleges oor hierdie tydperk.

Die kommissie het voorts laat blyk dat dit n aanduiding is dat hulle in n dringende behoefte voorsien wat nie deur die provinsiale owerhede behartig kon word nie.²⁵⁾

22) Ingevolge artikel 19(1) van die Wet.

23) Ingevolge artikel 3 van die Wet.

24) Ingevolge artikel 4(2)(a) van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1967 (Wet No. 40 van 1967).

25) U.G. 33-1928, par. 31.

Twintig jaar later het die De Villiers-kommissie soortgelyke kommentaar gelewer toe hy opgemerk het dat die "fenomenale groei" van die tegniese kolleges een van die opvallendste kenmerke in die ontwikkeling van beroepsonderwys was.²⁶⁾ Die volgende syfers wat deur die Kommissie verstrekk is, dui aan dat die kolleges se werksaamhede in ongeveer 20 jaar van outonome bestaan meer as verdubbel het:

TABEL XIII. GROEI VAN DIE TEGNIESE KOLLEGES, 1926 - 1946

	Aantal tegniese kolleges	Staats-toelaes	Gemiddelde aantal jaarlikse studente		
			Voltyds	Deeltyds	Totaal
1926/27	7	R341 650	4 968	26 368	31 336
1946/47	11	R840 000(a)	19 278	57 528	76 806(b)

(a) Raming

(b) Uitgeslote 3 173 oud-vrywilliger-studente.²⁷⁾

Steeds was die stroom vakleerlinge wat kursusse by die kolleges onder verpligting moes volg, die grootste stimulant vir die groei van die kolleges. Spencer het in dié verband verklaar dat

"The backbone of the demand for part-time courses which are everywhere the largest part of the Technical College work is formed by die apprentices attending under the Apprenticeship Law."²⁸⁾

Ongeveer een-derde van alle studente wat kursusse by tegniese kolleges op 'n deeltydse basis volg, is vakleerlinge wat dit ingevolge die bepalings van die vakleerlingskapwet doen.²⁹⁾ 'n Feit wat in gedagte gehou kan word, is dat die groei van tegniese kolleges ten nouste gekoppel is aan die nywerheidsontwikkeling van die land.

26) De Villiers-verslag, p.13.

27) Ibid., p.10.

28) Spencer, op.cit., p.23.

29) Smuts, op.cit., p.109.

Want hoe groter die nywerheids groei, hoe groter is die aanvraag na opgeleide, gespesialiseerde ambags- en tegniese personeel. Dit volg dus ipso facto dat die groei van die tegniese kolleges as 'n barometer van die nywerheids groei in Suid-Afrika beskou kan word.³⁰⁾

In 1963 is altesaam 23 000 blanke vakleerlinge ingeskryf en volgens 'n raming van die 1961-Onderwyspaneel sal die vraag na vakleerlinge in 1980 110 000 wees. Ten einde hierdie syfer te haal, sal inskrywings teen 'n tempo van ongeveer 15% per jaar moet toeneem - iets wat as onwaarskynlik beskou word.³¹⁾

Tabel XIV verskaf 'n beeld van die groei van die tegniese kolleges oor 'n tydperk van twintig jaar (1935 - 1955), dit wil sê tot op dié stadium dat die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap begin het om die kolleges as volle staatsinrigtings oor te neem. Dit toon ook aan dat die totale getal leerlinge/studente (voltyds en deelyds) in 1955 al op 64 000 te staan gekom het. Die tabel is ook insiggewend in dié sin dat dit die verhouding van die deelydse tot voltydse leerlinge/studente aandui (6 : 1). Hierdie gegewens beklemtoon die feit dat die kolleges 'n unieke rol in die onderwysstelsel speel en aangepas is om in spesiale onderwysbehoefte te voorsien, veral met betrekking tot die deelydse student.

30) Vergelyk Wulfsohn, op.cit., p.49.

31) 1961-Onderwyspaneel. Onderwys in Suid-Afrika - eerste verslag, p.90.

TABEL XIV. DOSERENDE PERSONEEL EN STUDENTE VERBONDE AAN
TEGNIËSE KOLLEGES, 1935 - 1955.

Jaar	Doserende personeel(a)		Leerlinge/Studente		
	Voltyds	Deeltyds	Voltyds	Deeltyds	Totaal(b)
1935	341	635	3914	16246	20160
1940	427	853	5681	20479	26160
1945	537	1197	9007	33125	42132
1950	742	1808	10269	44010	54279
1955	811	1939	8946	55270	64216 ³²⁾

(a) Prinsipale en vise-prinsipale ingesluit

(b) Studente wat korrespondensiekursusse volg is uitgesluit.

Die syfers vir 1947 - 1955 sluit Nie-blankes in.

b. Die status van die tegniese kolleges kom in die gedrang.

Van tyd tot tyd gedurende die bestaan van die tegniese kolleges as semi-outonome inrigtings het daar woelinge in die onderwyswêreld gekom wat die kolleges se status en funksies in die gedrang gebring het. Verskillende kommissies van ondersoek het hulle menings uitgespreek oor die wenslikheid al dan nie van die mate van plaaslike beheer oor die kolleges. Hierdie neiging moet gesien word teen die agtergrond van die breë onderwysopset van dié tyd. Enersyds was daar die sentraliserende tendens wat na unifikasie gevolg het. Dit het die begeerte na regeringsdeelname in die onderwys laat ontstaan; insgelyks was daar inderdaad 'n skreiende behoefte aan 'n eenvormige of nasionale onderwysbeleid aangesien die verskillende onderwysdepartemente veelal onafhanklik van mekaar gewerk het sodat baie onamalieë die gevolg van die verdeelde beheer was. Andersyds was daar die desentraliserende neiging van die provinsies.

32) Buro vir Statistiek. Statistieke van skole - 1963 en vroeëre jare. Blankes, 1965, p.111.

’n Bykomende kompliserende faktor in soverre dit die tegniese kolleges betref, was hulle unieke status wat hulle ’n groot mate van vryheid in eie sake gegee het, met ’n mate van indirekte beheer deur die Unie-Onderwysdepartement. Boonop was daar in sommige kringe ook die vrese dat die kolleges kon oortree op die terrein van die universiteite en dus vir hulle ’n bedreiging kon inhou.³³⁾

Die Van der Horst-kommissie (wat in 1928 sy verslag voltooi het) was daarteen gekant dat die beheer oor die kolleges aan die provinsies teruggegee moet word.³⁴⁾ Verder is beklemtoon dat die tegniese kolleges en universiteite nie toegelaat moet word om op mekaar se terreine te oortree nie. Diesekommissie het verklaar dat die tegniese kolleges hoofsaaklik voorsiening behoort te maak vir ’n meer of minder gespesialiseerde tipe van middelbare onderwys; en dat hulle as middelbare skole geklassifiseer en Tegniese Skole of Institute genoem moet word.³⁵⁾

Die tegniese kolleges het ses jaar later, in 1934, ondersteuning gekry vir die behoud van hulle stelsel van plaaslike beheer. Dit was toe die Adamson-kommissie sy bevindinge bekend gemaak het. Die Kommissie het die mening uitgespreek dat die kolleges nie op die terrein van die universiteite oortree nie en het die kolleges aangemoedig om hulle diens aan die gemeenskap uit te brei. Hy het die ou subsidieformule as ondoeltreffend beskou en ’n nuwe formule aanbeveel.³⁶⁾

Ten spyte van die Adamson-kommissie se aanbevelings het die kolleges nog nie volkome sekerheid oor hulle posisie gehad nie, net soos daar algemene onsekerheid oor die posisie van beroepsonderwys in die algemeen was. Die provinsies het intussen weer begin druk uitoefen vir die terugneem van beroepsonderwys en daarom is die verslag van die Provinsiale Finansiële Kommissie wat in

33) Serfontein, op.cit., p.30.

34) U.G. 33-1928, p.27.

35) Ibid.

36) Serfontein, op.cit., p.30-31.

1934 verskyn het, met belangstelling afgewag. Dié kommissie het aanbeveel dat beroepsonderwys weer onder die provinsies moet ressorteer. Wat die tegniese kolleges betref, het die Kommissie egter gevoel dat van hulle n uitsondering gemaak moet word en dat hulle hulle bestaande status moet behou.³⁷⁾ Die Kommissie het daarvan melding gemaak dat die groot aantal studente aan tegniese kolleges wat gematrikuleer is of werk van matriculasiestandaard doen, die rede is waarom van die kolleges n uitsondering gemaak is.³⁸⁾

Terwyl die De Villiers-kommissie se verslag afgewag is, kon die kolleges nie hulle uitbreidingsplanne ten volle uitvoer nie en is dit tydelik teruggehou in afwagting van die Kommissie se bevindinge. Soos reeds vroeër aangedui is, het die Kommissie inderdaad met ingrypende voorstelle vorendag gekom, waarvan die belangrikste ongetwyfeld die instelling van n nuwe soort junior-hoërskool was. Indien dié voorgestelde skool in die lewe geroep sou word, sou dit die tydperk van tegniese onderwys vir hoërskoolleerlinge na twee jaar laat krimp het, wat deur die kolleges (en ander persone en instansies) as ontoereikend beskou is.³⁹⁾ Die aanbevelings van die Kommissie in dié verband is egter nie uitgevoer nie.

5. Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap begin om die tegniese kolleges as volle staatsinrigtings oor te neem na 1955.

Ondertussen het die administrasie van die tegniese kolleges volgens die bestaande patroon onveranderd voortgegaan totdat die Regeringsbesluit in 1955 gekom het dat die semi-outonome tegniese kolleges geleidelik oorgeneem gaan word as volle staatsbeheerde inrigtings. Hierdie stap sou ingrypend en omvangryk wees want die tegniese kolleges het in hierdie

37) Verslag van die Provinsiale Finansiële Kommissie, 1934, par. 126.

38) Serfontein, op.cit., p.31.

39) Serfontein, op.cit., p.45.

stadium al in die omgewing van 64 000 studente gehad (voltyds en deelyds). n Paar jaar vantevore het die president van die Vereniging van Tegniese Kolleges o.a. reeds gewys op die uitgebreide vertakkinge van die Witwatersrandse Tegniese Kollege wat in daardie stadium 14 sentra ingesluit het, versprei vanaf Springs tot by Krugersdorp en vanaf Witbank tot Vereeniging.⁴⁰⁾

Die beoogde oorname van die tegniese kolleges deur die Regering was inderdaad verreikend, veral wat die kolleges betref. Die reeds gevestigde opset van plaaslike deelname in die bestuur van kolleges het weliswaar nie verdwyn nie maar n wysiging ondergaan en wel in dié sin dat die Regering nou n veel groter seggenskap in die bestuur van die kolleges verkry het. Die implikasies hiervan met betrekking tot beleidsake spreek vir sigself.

Hoe dit ookal sy, die behoefte het ontstaan dat die Staat groter seggenskap in die bestuur van die kolleges moes kry ten einde beter beheer oor n omvattende stelsel van beroeps- onderwys te kan uitoefen.⁴¹⁾ Reeds in Augustus 1954 is n departementele kommissie aangestel om ondersoek in te stel na die die finansiële posisie van die kolleges en om n komprehensiewe beeld van die finansiële opset van die kolleges te verkry. Uit die verslag het geblyk dat afgesien van die klasgelde die staat feitlik al die onkoste van die kolleges dra. Dit was verder duidelik dat onderwys- en administratiewe uitgawes onder departementele beheer nie juis hoër sou wees as onder die beheer van die bestaande rade nie. Om die voorgenoemde en ander redes is daar besluit om die kolleges oor te neem.⁴²⁾

Die oorname het geskied kragtens die Wet op Beroepsonderwys van 1955 (Wet No. 70 van 1955) en die nuwe regulasies het op 1 April 1956 van krag geword.

40) "Die bydrae van die tegniese kolleges tot Suid-Afrika se onderwys en ekonomie", presidentstoepspraak by die drie- en twintigste jaarlikse konferensie van die Vereniging van Tegniese Kolleges (afgerolde weergawe), p.3.

41) Paauw, J.C., op.cit., p.3.

42) Department of Education, Arts and Science. Annual Report, 1955, p.12.

Daar is ruim geleentheid gebied aan die Vereniging van Tegniese Kolleges sowel as die Federasie van Tegniese Kolleges om samesprekings met die Departement te voer en baie van die wenke is aanvaar en ingelyf in die nuwe regulasies.⁴³⁾

Die personeel van die tegniese kolleges het die nuus van die oorname met gemengde gevoelens ontvang: Daar was teleurstelling, vrees vir die moontlike uitwerking daarvan op die werkzaamhede van die kolleges en die diensvoorwaardes van die personeel. Maar daar was ook 'n reaksie van bereidwilligheid om behulpsaam te wees in die uitvoering van die planne wat in die vooruitsig gestel is.⁴⁴⁾ Na 'n onderhoud met die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap gedurende Oktober 1955, het die Federasie van Personeelverenigings van die tegniese kolleges tevrede gevoel dat 'n basis bereik is vir goeie samewerking met die Departement en die bevordering van tegniese en handelsonderwys.⁴⁵⁾ Heelwat later was dit vir die Departement nodig om die personeel van kolleges wat nog nie oorgeneem is nie, se vrees vir benadeling uit die weg te probeer ruim. Die versekering is gegee dat sodanige personeel ook mag aansoek doen om bevorderingsposte aan skole of kolleges wat alreeds onder die Departement se beheer was.⁴⁶⁾

Die oorname van die tegniese kolleges is nie eensklaps bewerkstellig nie. Daar is besluit om hulle, elkeen op 'n bestemde datum oor 'n paar jaar versprei, oor te neem. Op die jaarlikse konferensie van die Federasie van Tegniese Kolleges in 1956 het die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap besonderhede in verband met die oorname verstrek. Hy het gemeld dat ongeveer 40 inrigtings met 10 000 voltydse en 53 000 deeltydse studente oorgeneem sou word gedurende die volgende 3 of 4 jaar. Bykans R8 000 000 sou gespandeer word aan nuwe kollege- en koshuisgeboue tot 1959.⁴⁷⁾ Gedurende die eerste jaar van oorname (1956) is 10 takke van tegniese kolleges en

43) Ibid., p.10.

44) Redaksioneel. Mente et Manu, Maart 1955 (No. 6), p.5.

45) "The Chairman's Report Central Executive Committee", Mente et Manu, Desember 1955 (No. 9), p.11.

46) Antwoord van die Departement op 'n vraag van die kongres van die Vereniging vir Tegniese en Beroepsonderwys, Tydskrif vir Tegniese en Beroepsonderwys, Junie 1962 (No. 13), p.70.

47) Redaksioneel. Mente et Manu, September 1956 (No. 12), p.5. Vergelyk ook die Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1955, p.10.

staatsondersteunde beroepskole tussen 1 April en 1 Oktober oorgeneem. Die Sekretaris meld egter in dieselfde jaar dat die tempo van oorname nie versnel kon word nie omdat die kolleges versoek is om soveel as moontlik in hulle gebouebehoefte voor oorname te voorsien.⁴⁸⁾ Die proses van oorname het heelwat langer geduur as wat aanvanklik die bedoeling was want in 1962 het die Departement verklaar dat die gelyktydige oorname van die kolleges wat nog nie oorgeneem is nie of die oorname van n deel daarvan in n baie kort tyd groot finansiële verpligtinge sal meebring. Sommige van die kolleges het nog onvoltooide bouprojekte aan die gang gehad en ook het die Departement nie oor opgeleide beamptes beskik om al die kolleges gelyktydig te behartig nie. Die Departement was gevolglik genoodsaak om die oorname trapsgewys te doen.⁴⁹⁾

6. Die tegniese kolleges begin hulle al meer toespits op na-matrikulasie-opleiding.

a. Die oornamebeleid verminder die kolleges se sub-matrikulasiewerk.

Vir die volgende aantal jare na 1955 is daar gereeld takke van die verskillende tegniese kolleges deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap oorgeneem soos blyk uit die jaarverslae van die Departement. Hierdie takke (hoër tegniese en -handelskole en vakleerling-skole) het na oorname departementele beroepskole geword.

Die volgende tabel toon aan hoe die oorname van semi-otonome kolleges deur die Regering die aantal inrigtings van hierdie aard en die aantal studente daaraan verbonde, beïnvloed het. Daar moet egter onthou word dat hierdie syfers nie die oorname van takke van tegniese kolleges aandui nie; slegs die studentetalle word daardeur beïnvloed:

48) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1956, p.3.

49) Antwoord van die Departement op n vraag van die kongres van die Vereniging vir tegniese en beroepsonderwys, Tydskrif vir Tegniese en Beroepsonderwys, Junie 1962 (No. 13), p.70.

TABEL XV. SEMI-OUTONOME TEGNIESE KOLLEGES,
AANTAL INRIGTINGS EN STUDENTE, 1955 - 1968.⁵⁰⁾

<u>Jaar</u>	<u>Inrigtings</u>	<u>Leerlinge/studente</u>		
		<u>Voltyds</u>	<u>Deeltyds</u>	<u>Totaal</u>
1955	10	8 650	49875	58525
1960	6	6 862	38553(a)	45415
1965	4	5 068	29236	34304
1968	4	2 679	40958	43637 ⁵¹⁾

(a) Sluit Nie-blankes in.

Die tabel dui aan hoe die getal voltydse leerlinge/studente vanaf 8 650 in 1955 tot 2 679 in 1968 gekrimp het. Die aantal deeltydse studente het ook skerp verminder, dog het vanaf 1965 tot 1968 'n merkwaardige styging van meer as 11,000 getoon. Die vermindering van die aantal inrigtings en studente was die gevolg van die oorname van sekere kolleges deur die Sentrale Regering.

Na gelang die proses van oorname voortgegaan het, het die kolleges algaande ontslae geraak van sub-matrikulasie-opleiding sodat hulle bedrywigheide uiteindelik net tot na-matrikulasie-werk beperk sou bly. Hierdie tendens het meegebring dat die tegniese kolleges hulle self geleidelik begin identifiseer het as inrigtings met 'n spesifieke taak en rol. Die werk wat voortaan deur hulle verrig sou word, sou kategories eiesoortig wees. Hier in die sestigerjare sou die kolleges uiteindelik die plek begin inneem waarvoor hulle oorspronklik bestem was. Dit is ironies dat hulle na ongeveer vier dekades eers in die ware sin van die woord die inrigtings vir "hoër onderwys" geword het wat hulle al in die Hogere Onderwys Wet van 1923 bedoel was om te wees.

50) In 1968 het die tegniese kolleges die status van kolleges vir gevorderde tegniese onderwys gekry.

51) Die syfers is verkry uit die jaarverslae van die Departement vir die betrokke jare.

b. Die opleiding van onderwysers in tegniese en ambags-
onderrig.

Behalwe die normale opleidingsgeriewe wat die kolleges bied, is daar aan die begin van 1958 met 'n stelsel van in-diens-opleiding van onderwysers aan die Pretoriase Tegniese Kollege begin. Twintig poste vir tegniese onderwysers en twintig poste vir assistent-vakonderwysers (ambagsonderwysers) is goedgekeur met die doel om tegnisi en ambagsmanne as volwaardige tegniese onderwysers en vakonderwysers op te lei. Hieroor het die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap hom soos volg in sy 1957-jaarverslag uitgelaat:

"Dit is vanselfsprekend dat opleiding alleen doeltreffend kan wees indien die tegniese onderwyspersoneel self tegnies-opgeleide en ervare persone is wat ook in die onderwysmetodiek geskool is."⁵²⁾

Tegnisi en ambagsmanne met die vereiste kwalifikasies en wat aan die Departement se keuringsvereistes voldoen, is vanaf 1958 tot hierdie eenjarige, voltydse kursus toegelaat. Gedurende die tydperk van opleiding ontvang hulle volle salaris, asook 'n toelae gedurende die opleidingsjaar en geniet verder al die voorregte van 'n permanente personeellid met dien verstande dat hulle onderneem om vir minstens drie jaar in die Departement se diens te bly.⁵³⁾

c. Die opleiding van tegnisi verander die rol van die kolleges.

Reeds teen die einde van die vyftigerjare het dit geblyk dat daar daadwerklike stappe gedoen sal moet word ten einde in die groeiende behoefte aan tegnisi te kan voorsien. Die kolleges was die aangewese inrigtings om hierdie soort opleiding te verskaf en het in 1957 daarmee begin. Verwysende na die opleiding van tegnisi,

52) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1957, p.1.

53) Ibid., p.1-2.

het n beampte van die Federasie van Tegniese Kolleges die belangrikheid van hierdie verwickeling in 1957 soos volg aangedui:

"The meetings held in February this year in Pretoria represent one of the greatest developments in technical education in this country during the last three or four decades."⁵⁴⁾

Die eerste kursusse is aangebied deur die Witwatersrandse Tegniese Kollege en later het dit na die ander kolleges uitgebrei. Oor die algemeen is van stapelkursusse gebruik gemaak, dit wil sê opleiding waardeur die voltydse klasbywoning van n akademiese halfjaar (ongeveer vier-en-n-half maande) afgewissel word deur praktiese opleiding in diens by n werkgewer. Die matrikulasie- of gelykwaardige sertifikaat word gestel as toelatingsvereiste en die kursus duur gewoonlik vier jaar.⁵⁵⁾ Dit is dus volwaardige na-matrikulasie-opleiding. Daar is ook begin met n omvattende langtermynskema om die kursusse by tegniese hoërskole te wysig sodat dit tred kan hou met die veranderde omstandighede.⁵⁶⁾

Later is hierdie soort opleiding ook na ander kolleges uitgebrei. In 1960 is opleiding vir tegnisi reeds deur verskillende tegniese kolleges (Witwatersrand, Pretoria, Kaapstad, Natal, Port Elizabeth), asook deur die Tegnologiese Instituut te Sasolburg aangebied. In dieselfde jaar was die toestroming tot dié kursusse so groot dat n groot totaal van sowat 1 200 kandidate vir die studierigtings chemie, ingenieurswese, telekommunikasie en die medisyne ingeskryf het.⁵⁷⁾

54) "Central Executive Committee - chairman's report", Mente et Manu, Junie 1957 (No. 14), p.6. Vergelyk ook: Re-daksionele berig, Mente et Manu, Junie 1958 (No. 14), p.6-7.

55) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1957, p.2.

56) "Opleiding van tegnisi", Mente et Manu, Desember 1957 (No. 16), p.30.

57) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1960, p.3.

Die Sekretaris van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap het gemeld dat "die grootste tekort aan goed-opgeleide tegniese personeel bestaan in die vlak tussen die universiteitsopgeleide ingenieur en die vakman, wat deur die tegnikus gevul moet word."⁵⁸⁾

Die vraag na tegnisi-opleiding aan die tegniese kolleges toon steeds 'n stygende neiging. Die 1961-Onderwyspaneel het beraam dat daar in 1962 2 000 tegnisi opgelei sal moet word, in 1974 3 200 en in 1979 4 350.⁵⁹⁾ Aan die tegniese kolleges te Durban, Kaapstad, Port Elizabeth en Johannesburg (Witwatersrand) is 'n wye verskeidenheid van kursusse aangebied. In 1965 was daar behalwe die bestaande gevorderde deeltydse tegniese kursusse bykans 60 verskillende tegnisi-kursusse op deeltydse, stapel- en voltydse grondslae. Volgens 'n landswye opname wat deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap gemaak is van die geriewe wat geskep moet word vir die opleiding van tegniese personeel in die tekstielnywerheid, sal apparaat en masjiene wat vir dié doel aangeskaf moet word, in die omgewing van R1 000 000 kos.⁶⁰⁾

In 1965 het die Sekretaris weer eens gewys op die groot behoefte aan tegnisi in die nywerheid. Hy het gemeld dat tegnisi nagenoeg 25% van die werkerskorps uitmaak, terwyl dit in die geval van geskoolde vakmense en ongeskoolde werkers 18% en 12% onderskeidelik is.⁶¹⁾

In 1966 is 'n kollege spesiaal vir die opleiding van tegnisi in Vanderbijlpark opgerig (Vaaldriehoekse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys). Die eerste studente is in Augustus 1966 by hierdie kollege ingeskryf.⁶²⁾

58) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1957, p.1.

59) 1961-Onderwyspaneel. Onderwys in Suid-Afrika - eerste verslag, p.92.

60) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1965, p.7.

61) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1965, p.2.

62) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1966, p.6.

C. KOLLEGES VIR GEVORDERDE TEGNIESE ONDERWYS.

1. Inleiding.

In 1966 het die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap melding gemaak van die noodsaaklikheid om te voorsien in die groter aanvraag veroorsaak deur die snelle groei in die Handel en Nywerheid en het voorts verklaar dat daar besluit is dat die vier groot tegniese kolleges (te Johannesburg, Pretoria, Durban en Kaapstad) hulle outonome status sou behou - in teenstelling met die aanvanklike beleid van oornome deur die Staat. Hierdie stap is gedoen op voorwaarde, inter alia, dat die genoemde kolleges hulle werksaamhede hoofsaaklik beperk tot tegniese en onderwysersopleiding van n standaard nagenoeg tussen matrikulasie en universiteitsopleiding.⁶³⁾ Die gevolg van hierdie besluit was die totstandkoming van die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys. Daar bestaan tans ses sulke kolleges:

Die Natalse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys,
Durban.

Die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys,
Johannesburg.

Die Kaapse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys,
Kaapstad.

Die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys,
Pretoria.

Die Vaaldriehoekse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys,
Vanderbijlpark.

Die Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys, Port Elizabeth.⁶⁴⁾

Soos opgemerk sal word, is die bestaande kolleges vir gevorderde tegniese onderwys by uitstek in die geïndustrialiseerde sentra geleë waar hulle in die behoeftes van die nywerhede kan voorsien. Die werk van hierdie kolleges word egter aangevul deur n groot aantal tegniese kolleges, oor die land versprei, waar tersiêre opleiding in die tegniese en handelsrigting voorsien word.⁶⁵⁾

63) Verklaring van die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Tydskrif vir Tegniese en Beroepsonderwys, Desember 1966 (No. 31), p.19.

64) Erudita Publikasies, op.cit., p.161.

65) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.21.

Die uiteindelijke doel met die stigting van die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys word beliggaam in die omskrywing van die werksaamhede van die kolleges in die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1967 wat soos volg lui:

"Die werksaamhede van n kollege is om -

- (i) die gevorderde tegniese onderwys en opleiding en die onderwysersopleiding; en
- (ii) in die geval van studente wat nie meer kragtens n wetsbepaling verplig is om n skool by te woon nie, op n deeltydse grondslag die sekondêre en ander onderwys, wat die Minister bepaal, te verskaf ..."⁶⁶⁾

Hieruit blyk dat die kolleges tersiêre sowel as sekondêre onderwys (laasgenoemde op n deeltydse grondslag) kan verskaf. In sy jaarverslag van 1971 het die Sekretaris van Nasionale Opvoeding in verband met die funksies van die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys gesê dat die funksies van die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys duideliker omlin is. Die kolleges streef daarna om die gesonde en uiters noodsaaklike ontwikkeling van gevorderde onderwys buite die universiteitstelsel uit te bou (tog wel in samewerking met die universiteite) deur hulle opvoedkundige programme steeds uit te brei sodat hulle in die gespesialiseerde behoeftes van die studente volgens hulle gekose beroepe en individuele vermoëns op die tersiêre vlak kan voorsien.⁶⁷⁾

n Belangrike taak van hierdie kolleges is dus om die gaping tussen die skole en die universiteite te vul sover dit tegniese onderwys betref. Anders gestel: dit moet voorsien in opgeleide personeel om die gaping tussen die ambagsman en die roetine kantoorwerker aan die eenkant en die professionele ingenieur aan die ander kant te vul.⁶⁸⁾ In Suid-Afrika is daar n nypende tekort aan werkers in hierdie kader. In November 1968 het die Minister van Mynwese, Beplanning en Gesondheid

66) Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1967 (Wet No. 40 van 1967), artikel (2)(a).

67) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.19.

68) Toespraak deur die Sekretaris van Nasionale Opvoeding tydens die kongres van die S.A.V.T.B. gedurende April 1971, Tydskrif vir Tegniese en Beroepsonderwys, Junie 1971 (No. 49), p.19.

opgemerk dat daar te veel professionele ingenieurs is wat die werk van tegnici doen. Hy het ook daarop gewys dat daar in Suid-Afrika skaars een tegnikus vir elke professionele ingenieur is terwyl die optimum verhouding 3/4 tot een en in sommige gevalle 8 tot een is.⁶⁹⁾

Die kolleges het egter intussen verbasende vordering in verband met tegnici-opleiding gemaak. Die Minister van Nasionale Opvoeding het onlangs die volgende syfers verstrek in verband met die opleiding van tegnici aan die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys:

1968:	93	tegnikuskursusse
	6 262	kandidate
	25 315	vakinskrywings
1971:	121	tegnikuskursusse
	7 489	kandidate
	32 640	vakinskrywings ⁷⁰⁾

In die volgende tabel kan die ontwikkeling van die staatsondersteunde kolleges, soos volg saamgestel, oor 'n periode van veertig jaar, gesien word:

- a. Staatsondersteunde tegniese kolleges: vyfjaarliks vanaf 1930 tot 1965.
- b. Staatsondersteunde kolleges vir gevorderde tegniese onderwys: jaarliks vanaf 1968 tot 1970 (die jongste amptelike beskikbare syfers is dié van 1970).

69) Toespraak deur die Minister by geleentheid van die opening van die W.N.N.R. se opleidingsentrum vir instrumentmakers te Scientia, 22 November 1968, Tydskrif vir Tegniese en Beroepsonderwys, Maant 1969 (No. 39), p.21. Vergelyk ook dr. F.P. Jacobsz: Mannekrag en die Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys, in dieselfde uitgawe, p.85.

70) Toespraak van die Minister van Nasionale Opvoeding by geleentheid van die diplomaplegtigheid van die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys op 17 Mei 1972, Tydskrif vir Tegniese en Beroepsonderwys, September 1972 (No. 54), p.47.

TABEL XVI. STAATSONDERSTEUNDE KOLLEGES:
AANTAL INRIGTINGS EN LEERLINGE/STUDENTE,
1930 - 1970.

<u>Jaar</u>	<u>Inrigtings</u>	<u>Leerlinge/Studente</u>		
		<u>Voltyds</u>	<u>Deeltyds</u>	<u>Totaal</u>
1930	8	4317	19397	23714
1935	8	4248	16651	20899
1940	8	5727	20302	26029
1945	9	- (a)	- (a)	36271
1950	10	9951	42794	52745
1955	10	8650	49875	58525
1960	6	6862	38553(b)	45415
1965	4	5068	29236	34304
1968	4	2679	40958	43637
1969	6(c)	2383	20721	23104
1970	6(c)	2910	26373	29283 ⁷¹⁾

(a) nie gespesifiseer nie.

(b) sluit Nie-blankes in.

(c) Vanaf 1969 is die kolleges te Vanderbijlpark en Port Elizabeth ook ingesluit.

Die syfers vir die jare 1930 - 1968 is al reeds in tabelle XIV en XV bespreek. Na 1968 het daar 'n daling in die studentetalle gekom, ten spyte van die byvoeging van twee kolleges. Dit is vanweë die verbesondering van die kolleges se werksaamhede na tersiêre onderwys en sekondêre onderwys op 'n deelydse basis.

2. Die administrasie van staatsondersteunde kolleges.

a. Enkele aspekte van die administrasie van staatsondersteunde tegniese kolleges voor 1968.

In die Hoger Onderwijs Wet van 1923 is voorsiening gemaak vir die verklaring van tegniese kolleges deur die Minister van Onderwys as inrigtings vir hoër onderwys ⁷²⁾

71) Syfers verkry uit die jaarverslae van die departement vir die betrokke jare.

72) Ingevolge artikel 1.

en daaruit voortvloeiende sou die bepalings van die Wet op diesulke kolleges van toepassing wees. In die Wet word n verskeidenheid van sake bepaal waaronder die volgende:

- (1) Die instelling van n raad vir die kollege;
- (2) die toekenning van regs persoonlikheid aan so n raad;
- (3) die aanstelling van n studieraad;
- (4) die reg van die Minister van Onderwys om regulasies uit te vaardig waarin die verskillende beheermaatreëls van die Minister oor die sake van die kollege uiteengesit word.

Die volgende is n kort samevatting van dié sake waarin die Minister hom die reg van goedkeuring voorbehou alvorens enige optrede in verband daarmee van krag kan word:

- (1) Staande opdragte van die Raad;
- (2) die konstituering en funksies van die Studieraad.
- (3) die personeel se diensvoorwaardes;
- (4) die goedkeuring van erelede en lewenslange lede van die Raad;
- (5) die skepping van professorate aan die kollege;
- (6) die voorwaardes betreffende die toekennings van diplomas en sertifikate;
- (7) skemas van gesamentlike beheer met ander liggame;
- (8) die name van die kollege-ouditeure.⁷³⁾

Uit bogenoemde kan afgelei word dat die Minister van Onderwys, n groot mate van beheer oor die werksaamhede van die kolleges verkry het, alhoewel die kolleges tog grootliks selfbesturend was. Die verhouding tussen sentrale en plaaslike beheer is deur Spencer soos volg uiteengesit:

73) Rees. The Natal Technical College, 1907 - 1957, p.153.

"The Union Government does not directly conduct the work of the Technical Colleges. It aids that work. Each college is a corporation with an independent governing body of statutory constitution; the governing body is partly nominated, and partly representation, Thus the Colleges are not maintained but aided institutions. The governing body in each instance, though partly nominated by the Union Government, is local in character."⁷⁴⁾

Uit bogenoemde samevatting kan afgelei word dat iewers binne die raamwerk van n kollege se administrasie n ontmoetingspunt tussen owerheids- en plaaslike belange moet wees. Die Staat ondersteun die kollege op finansiële gebied en in ruil daarvoor eien by homself n sekere mate van seggenskap in die kollege se sake toe.

n Belangrike aspek van die administrasie van die kolleges was, en is vandag nog, die kwessie van subsidiëring deur die Staat. In die Hoger Onderwijs Wet is ook voorsiening gemaak vir die subsidiëring van die kolleges volgens n bepaalde subsidieformule. Die subsidies word toegevoeg tot die kolleges se inkomste uit klasgelde en ander bronne en was altyd die grootste enkele bron van inkomste van die kolleges.⁷⁵⁾ Die subsidiëring aan tegniese kolleges is soortgelyk aan dié ten opsigte van universiteite. Die basis van toekenning is van tyd tot tyd gewysig om tred te hou met veranderde omstandighede. Die eerste formule was van krag totdat dit later vervang is deur die inwerkingtreding van die Wet op Finansiële Voorsiening van 1931.⁷⁶⁾ In 1933 het die Adamson-kommissie aanbeveel dat die basis van subsidiëring vasgestel moet word vir die volgende drie boekjare en dat dit daarna hersien moet word.⁷⁷⁾

74) Spencer, op.cit., p.28-29.

75) Van Zyl. Meer tegniese onderwys, p.150.

76) Wet No. 27 van 1931.

77) Verslag van die Komitee van Onderzoek insake subsidies aan universiteite, universiteitskolleges en tegniese kolleges, 1933 (U.G. 8 van 1934), p.22.

In 1937 het n ander ondersoekkomitee, die Beattie-komitee, n subsidieformule voorgestel wat vir twintig jaar lank van krag gebly het met slegs geringe wysigings. Die besonderhede van dié formule was:

(1) Op klasgelde sou die staatsubsidie wees:

£3 vir £1 op die eerste £1,000
 £2 vir £1 op die volgende £6,000
 £1 vir £1 op die volgende £35,000
 10/- vir £1 op die restant

(2) Op wederkerende inkomste:

£3 vir £1 op die eerste £2,000
 £1 vir £1 op die restant

(3) Op nie-wederkerende inkomste:

£1 vir £1.⁷⁸⁾

In 1947 is die subsidies met 10% verhoog op die bestaande formule as gevolg van die waardevermindering van geld.⁷⁹⁾

Die staat se finansiële steun aan tegniese kolleges het geleidelik al groter geword en die kolleges se inkomste uit plaaslike publieke liggeme en van privaat persone in verhouding al kleiner. In n toepspraak in die Senaat in 1955 het die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap gemeld dat die inkomste uit laasgenoemde bronne maar 3,3% van hulle inkomste beloop.⁸⁰⁾

Die subsidie tot 1964 het sowat 60% beloop, maar n nuwe subsidiegrondslag is in 1965 goedgekeur. Dit het die kolleges se subsidiëring nader gebring aan dié van die universiteite (70% van die totale inkomste) maar was nog sowat 4% minder. Vir kapitaaluitgawes het die tegniese kolleges egter 75% teenoor 50% van die universiteite ontvang.⁸¹⁾

78) Serfontein, op.cit., p.37.

79) Ibid., p.42.

80) Beleids toespraak deur die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap in die Senaat op 9 Mei 1955, Werk, Junie 1955 (No. 89), p.5.

81) Van Zyl. Meer tegniese onderwys, p.150.

Op 1 Junie 1965 het n nuwe subsidieformule in werking getree:

R2 vir R1 op klasgelde ingevorder van studente wat gevorderde kursusse ná nagenoeg st. 10 volg, maar onderwyserskursusse uitgesluit.

R5 vir R1 op die volgende R8 000

R4 vir R1 op die volgende R40 000

R2 vir R1 op die volgende R40 000

R1 vir R1 op die balans

R $\frac{1}{2}$ vir R1 op die inkomste ontvang deur die Witwatersrandse Tegniese Kollege ten opsigte van korrespondensiekursusse.

R4 vir R1 op klasgelde ontvang deur die Pretoriase Tegniese Kollege vir die Hoër Tegniese Skool onder sy beheer.

75%-toekenning op goedgekeurde kapitaaluitgawe mits die kollege se bydrae van 25% uit skenkings gefinansier word.

75%-toekenning op rente en delging op goedgekeurde lenings, mits die kollege se bydrae van 25% deur skenkings gefinansier word.⁸²⁾

Voor met die oornome van tegniese kolleges begin is in 1955 het ons die verskynsel gekry dat leerlinge aan tegniese kolleges heelwat hoër fooie betaal het as byvoorbeeld leerlinge aan n volle staatsbeheerde tegniese skool. F.H. Spencer, wat n ondersoek na tegniese onderwys in Suid-Afrika ingestel het, het in dié verband gekonstateer dat twee bykans eenderse inrigtings, n ambagskool (later hoër tegniese skool) wat aan n tegniese kollege verbonde is, en n soortgelyke skool wat n staatsinrigting is, heeltemal verskillende finansiële behandeling ontvang.⁸³⁾

Die bedoeling was om alle beroepsonderwys aan tegniese kolleges tot die matrikulasiepeil, vry te maak net soos die geval aan ander departementele vakskole en aan provinsiale sekondêre skole is.⁸⁴⁾ Na 1955 is ook in erns begin om hierdie ideaal te verwesenlik.

82) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1965, p.7.

83) F.H. Spencer, op.cit., p.29.

84) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1953 - 1954, p.7.

Tans is die provinsiale onderwysdepartemente verantwoordelik vir beroepsonderwys en word dit gratis aangebied net soos die geval is met die gewone algemenvormende onderwys.

b. Die beheer van die Sentrale Regering in die administrasie van kolleges vir gevorderde tegniese onderwys.

(1) Algemeen.

Die administrasie van kolleges vir gevorderde tegniese onderwys het in ooreenstemming met die algehele vernuwingskuur wat deur die 1967-onderwyswetgewing bewerkstellig is, vanaf 1 April 1968 op 'n nuwe, skoon blaadjie begin, hoofsaaklik as gevolg van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys van 1967. Die nuwe fase wat betree is, is geskoei op die Kabinetsbesluit in 1964 dat die tegniese kolleges hulle outonomie sal behou en dat 'n nuwe, gunstiger subsidieformule in werking gestel sal word.⁸⁵⁾ In 'n kollegepublikasie word hierdie as die "belangrikste gebeurtenis" van die jaar 1964 beskou.⁸⁶⁾

Oënskynlik lyk hierdie beleidsbesluit strydig met die Regering se voorneme sedert 1955 om groter beheer oor die kolleges se werksaamhede te verkry deur hulle takke en later die hoofkolleges self, oor te neem (alhoewel baie van hulle takke oorgeeneem is, was die vier hoofkolleges in 1964 nog nie oorgeeneem nie). Die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap het in 1955 opgemerk dat die vorm van beheer en finansiering van die tegniese kolleges ooreenkomstig die Hoger Onderwijs Wet van 1923 en Wet No. 27 van 1931 met die verloop van tyd en verandering van omstandighede ondoeltreffend geword het.

85) Van Zyl. Meer tegniese onderwys, p.143.

86) Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys. Algemene inligting, p.7.

Die kolleges was geneig om hulle eie rigting in te slaan. Hy het verder bygevoeg dat die invoering van vry voltydse onderwys aan die tegniese kolleges tot die senior sertifikaat-peil die bydrae van die staat sou laat toeneem en gesê dat 'n verandering in die vorm van beheer uit die oogpunt van gesonde staatsbeleid en effektiewe kontrole van die besteding van staatsgeld onontbeerlik was.⁸⁷⁾

Maar ten spyte daarvan dat die Regering besluit het om die kolleges nie oor te neem nie, en hulle hulle outonome status (eintlik semi-outonome status) te laat behou, het hy tog in die nuwe wetgewing voorsiening gemaak vir 'n deeglike kontrole van die kolleges se werksaamhede. Die rede waarom besluit is om die kolleges hulle status as semi-outonome inrigtings te laat behou, blyk uit die verklaring van die Minister van Onderwys in die Parlement oor hierdie aangeleentheid. Hy het naamlik aangevoer dat daar 'n sterk moontlikheid is dat 'n kollege vir gevorderde tegniese onderwys meer donasies sal ontvang wanneer dit bekend word dat hulle nie deur die Staat oorgeneem sal word nie. Leiers in die Handel en Nywerheid sou ook met meer geesdrif in die raad van 'n kollege dien, indien hulle sou weet dat hulle hulle inisiatief met meer vryheid kan beoefen.⁸⁸⁾

Vervolgens sal daar kortliks aan die hand van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys gelet word op die belangrikste bepalings in verband met die administrasie van 'n kollege vir gevorderde tegniese onderwys en ook wat die Regering se aandeel daarin is.

87) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1955, p.9.

88) Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys. Tomorrow - Môre ('n publikasie van die Kollege), p.15.

(2) Die Raad van n kollege.

Die kollege wat n regs persoon is (artikel 3) se bestuur en uitvoerende mag berus by n raad wat sal bestaan uit tussen 15 en 30 lede. Die raad word soos volg saamgestel:

- die hoof van die kollege;
- persone (een of twee, soos die Minister bepaal) gekies deur plaaslike besture wat donateurs van die kolleges is;
- een persoon aangestel deur elke plaaslike bestuur of ander liggaam wat die Minister vir verteenwoordiging nomineer;
- persone wat deur die Minister aangestel word;⁸⁹⁾
- een persoon gekies deur die oud-studente van die kollege.⁹⁰⁾

As voorbeeld word die samestelling van die eerste raad van die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys hieronder aangedui:

- die direkteur
- op uitnodiging van die direkteur (2 adjunk-direkteure en die registrateur)(3)
- aangestel deur die Minister (14)
- stadsraad van Pretoria (2)
- Yskor (1)
- Pretoria Chamber of Commerce (1)
- Universiteit van Pretoria (1)
- Afrikaanse Sakekamer (1)
- Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede (1)
- Suid-Afrikaanse Spoorweë (1)
- Federasie van Bounywerhede (1)
- donateurs (1)
- oud-studente (1)⁹¹⁾

89) Hierdie lede mag nie minder wees as die ander lede van die raad nie, kragtens artikel 8(3) van Wet No. 40 van 1967.

90) Artikel 8(1).

91) Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys. Algemene inligting, p.9.

(3) Die Studieraad van n kollege.

Die studieraad van n kollege bestaan uit:

- (a) die hoof, wat die voorsitter van die studieraad is;
- (b) twee ander lede van die raad, deur die raad aangewys; en
- (c) die lede van die doserende personeel van die kollege wat die raad van tyd tot tyd bepaal.⁹²⁾

Ingevolge die Wet het die studieraad die volgende bevoegdhede:

- (a) oefen die bevoegdhede van organisasie van en beheer oor die onderrig en tug van die studente en leerlinge van die kollege uit wat die raad aan hom toewys;
- (b) dien die raad van advies met betrekking tot n aangeleentheid wat die raad na die studieraad vir sy advies verwys; en
- (c) doen die aanbevelings betreffende akademiese aangeleenthede van belang vir die kollege wat hy dienstig ag aan die raad.⁹³⁾

(4) Diensvoorwaardes van die personeel.

Die lede van die doserende, administratiewe en klerklike personeel word deur die raad aangestel. Die Minister kan egter bepaal dat sekere aanstellings ten opsigte van doserende en administratiewe personeel aan sy goedkeuring onderhewig moet wees.⁹⁴⁾

Die diensvoorwaardes en verlofvoorregte van persone in diens by n kollege word by regulasie

92) Artikel 9(1).

93) Artikel 9(2).

94) Artikel 10(2).

voorgeskryf en die salarisse, salarisskale en toelae kan verskillend wees ten opsigte van verskillende kolleges.⁹⁵⁾

(5) Inspeksie van kolleges.

Die Minister kan te eniger tyd n inspeksie by n kollege laat uitvoer met betrekking tot enige aangeleentheid rakende:

- (a) die administrasie en tug;
- (b) die toelating van studente en leerlinge en die onderwys en opleiding wat verskaf word;
- (c) die behoefte aan personeel;
- (d) die uitrusting, voorrade en finansies en in die algemeen met betrekking tot enige ander aangeleentheid wat deur die Minister bepaal mag word.⁹⁶⁾

(6) Diverse aangeleenthede.

Wet No. 40 van 1967 maak benewens die reeds genoemde sake ook voorsiening vir n verskeidenheid van aangeleenthede ten opsigte waarvan sekere voorskrifte en voorbehoude aan die kolleges gestel word, soos byvoorbeeld ten opsigte van die inskrywing van studente, die instelling van studiekursusse, die bepaling van voertale, die erkenning en registrasie van sertifikate en diplomas, lenings, ens.

Die Minister kan ook regulasies uitvaardig betreffende aangeleenthede wat ingevolge die Wet voorgeskryf moet word of enige ander aangeleentheid wat hy mag bepaal.⁹⁷⁾

Deur die magte van kontrole en beslissing wat ingevolge die Wet en die regulasies aan die Minister toegeken word, word n groot mate van uniformiteit

95) Artikel 10(3)(a)

96) Artikel 15.

97) Artikel 30(a) en (b).

in die administrasie en bestuur van die kolleges bewerkstellig. Dit skakel n probleem van die verlede, nl. die verskynsel dat die kolleges elk hul eie rigting inslaan,⁹⁸⁾ in n groot mate uit. In die V.S.A. was daar in die jongste jare ook n neiging om die groot, deur die publiek ondersteunde kolleges en universiteite, te koördineer en om die beheer daaroor van staatsweë te versterk.⁹⁹⁾ In Suid-Afrika word hierdie koördinerende en beherende funksies ten opsigte van die kolleges deur Wet No. 40 van 1967 moontlik gemaak. Die klag wat vroeër gemaak is dat die Staat subsidieer sonder genoegsame toesig,¹⁰⁰⁾ is nou grootliks uitgeskakel.

(7) Subsidiëring.

n Saak wat seker meer as enige ander faktor bepalend kan wees vir die suksesvolle voortbestaan van n kollege is die kwessie van subsidiëring. In die Wet word bepaal dat subsidies deur die Staat aan die kolleges betaal word ooreenkomstig n grondslag deur die Minister bepaal.¹⁰¹⁾ Na aanleiding hiervan is die kolleges ook verplig om onder andere gereelde geouditeerde state van inkomste en uitgawes en balansstate aan die Minister voor te lê.¹⁰²⁾

Die huidige subsidieformule van die kolleges het reeds in 1965 in werking getree en is reeds in Afdeling B van hierdie hoofstuk uiteengesit.

In die volgende tabel word die gesamentlike staat van inkomste en uitgawes van die vier gesubsidieerde kolleges¹⁰³⁾ vir 1970 verstrek:

-
- 98) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1955, p.9.
 99) Glenny. The outonomy of public colleges, p.26 en 266.
 100) Vergelyk Paauw, J.C., op.cit., p.1-2.
 101) Artikel 25.
 102) Artikel 26.
 103) Die twee staatsbeheerde kolleges vir gevorderde tegniese onderwys te Vanderbijlpark en Port Elizabeth word nie hierby ingesluit nie. Eersgenoemde het eers in Julie 1972 n gesubsidieerde kollege geword.

TABEL XVII. GESUBSIDIEERDE KOLLEGES VIR GEVORDERDE TEGNIESE ONDERWYS.
GESAMENTLIKE STAAT VAN INKOMSTE EN UITGAWES, 1970.

<u>A. INKOMSTE.</u>	<u>Totaal</u>	<u>Persentasie</u>
Staatstoelaes	4 614 214	65,52
Ander skenkings	150 715	2,14
Klasgelde	1 551 346	22,03
Rente	148 538	2,11
Ander inkomste	386 832	5,49
Saldo's		
Surplus : Koshuise	19 774	0,28
Vakleerlingskool	24 977	0,35
Tekort	146 682	2,08
TOTAAL	7 043 078	100,00
 <u>B. UITGAWES.</u>		
Administrasie:		
(a) Salarisse	507 890	7,21
(b) Ander	416 580	5,91
Onderrigkoste:		
(a) Salarisse	3 716 739	52,77
(b) Ander	471 987	6,70
Grond, geboue en uitrusting:		
(a) Rente op lenings	344 764	4,90
(b) Ander	337 788	4,80
Beurse en pryse	67 992	0,97
Kapitaaluitgawe		
(a) Delging van lenings	53 198	0,75
(b) Waardevermindering	82 390	1,17
(c) Ander	287 412	4,08
Ander uitgawes	566 697	8,05
Saldo's		
Tekort: Koshuise.....	31 901	0,45
Surplus	157 749	2,24
TOTAAL	7 043 078	100,00¹⁰⁴⁾

104) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.111.

Uit tabel XVII kan opgemerk word dat die Staat se subsidies aan die vier semi-outonome kolleges vir die betrokke jaar die aardige bedrag van R4 614 214 beloop het, ongeveer twee derdes (65,52%) van die kolleges se totale inkomste. Die skenkings uit ander oorde beloop maar n skamele 2,14%.

Die bogenoemde syfers maak dit duidelik dat die staat die reuse-aandeel in die finansiering van die kolleges het en derhalwe ook geregtig is op n groot mate van beheer oor die kolleges, soos ook wel verkry is deur Wet No. 40 van 1967.

Indien die kolleges se totale uitgawes vir 1970 (R7 043 078) vergelyk word met dié in 1965 (R3 442 947),¹⁰⁵⁾ dan blyk dit dat dit in vyf jaar se tyd net mooi verdubbel het. Indien hierdie tendens voortgesit word, dan lê grootskaalse uitbreiding vir hierdie faset van die onderwys voor die deur.

D. DIE AKADEEMIESE FUNKSIES VAN DIE KOLLEGES VIR GEVORDERDE TEGNIESE ONDERWYS.

1. Die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys bied n wye verskeidenheid van opleiding.

Soos alreeds vroeër in hierdie hoofstuk aangedui, lê die kolleges hulle veral toe op na-matrikulasie-opleiding. In dié opsig verskil die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys van die vroeëre tegniese kolleges. Laasgenoemde se onderwys het meesal bestaan uit een of ander vorm van beroeps-onderwys.¹⁰⁶⁾ n Groot deel van die tegniese kolleges se werksaamhede het dan ook bestaan uit die behartiging van hoër

105) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1966, p.140.

106) Van Zyl. Meer tegniese onderwys, p.174.

tegniese skole en hoër handelsskole. Hierdie soort onderwys (van 'n voor-matrikulasie standaard) word sover moontlik uit die kolleges se werksaamhede uitgeskakel vanaf 1 April 1968.¹⁰⁷⁾

Die naam "kolleges vir gevorderde tegniese onderwys" is misleidend omdat dié kolleges benewens tegniese opleiding 'n wye verskeidenheid van opleidingsrigtings aanbied. Kursusse word byvoorbeeld aangebied in die natuurwetenskappe, handel, bestuurswese, kuns, onderwysersopleiding, huishoudkunde, ens.¹⁰⁸⁾ In 'n inligtingsbrosjyre gee die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys 'n volledige lys van loopbane ten opsigte waarvan hy studente oplei. Die verstommende hoeveelheid van honderd en vier loopbane word vermeld (kyk bylae IV).

Die rol wat die kolleges speel in die voorsiening van onderwysgeleenthede vir volwassenes kan nie genoeg beklemtoon word nie. Vroeg in die dertigerjare het 'n beweging vir volwassene-onderwys begin. Reeds op die eerste kongres insake volwassene-onderwys in 1935 is daar gewys op die belangrikheid van die tegniese kolleges as sentrums vir volwassene-onderwys.¹⁰⁹⁾ Aan die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys is byvoorbeeld 'n Buro vir Volwassene- en aanskouingsonderwys. Ander kolleges maak ook ruim voorsiening vir onderwys vir volwassenes.

Daar is min verskil tussen die basiese opleiding en kursusse wat by al die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys (dit wil sê die vyf staatsondersteunde en die een staatsbeheerde kollege) aangebied word.¹¹⁰⁾ Die sertifikate en diplomas wat uitgereik word is gestandaardiseer en word deur die Departement se eksamenafdeling afgeneem.

107) Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys. Algemene Inligting (inligtingsbrosjyre), p.4. Vergelyk ook die Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1971, p.19.

108) Van Zyl. Optimum use of manpower, p.60.

109) National South African Conference on Adult Education. Adult education in South Africa, p.13.

110) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1970, p.16.

Die volgende soorte opleiding word oor die algemeen by die kolleges aangebied:¹¹¹⁾

a. Voltyds.

Voltydse opleiding kan oor tydperke van verskillende lengte strek, byvoorbeeld: vier kwartale, ses maande, 18 weke of 10 weke.¹¹²⁾

b. Korttermynvoltyds.

Bywoning strek oor kort tydperke soos byvoorbeeld een dag per week, weekliks, ens. vir intensiewe studies.¹¹³⁾

c. Stapelkursusse.

Dit is voltydse kursusse vir studente wat as tegnisi opgelei word vir 19 weke of een semester op 'n keer. Die res van die jaar werk die student by sy werkgewer. 'n stapelkursus duur drie tot vier jaar. Die voordeel van Stapelkursusse is dat werkgewers gewoonlik alle koste dra en dat praktiese en teoretiese kennis deeglik geïntegreer word.¹¹⁴⁾

d. Groepopleiding.

Hierdie tipe opleiding is hoofsaaklik bedoel vir vakleerlinge of vakmanne wat pas gekwalifiseer het. Voltydse bywoning vir 10 weke word vereis en drie sulke sessies word per jaar gehou. Drie of vier vakke per kursus word aangebied.¹¹⁵⁾

e. Deeltydse kursusse.

Hierdie kursusse is bedoel vir persone wat voltyds werk en gewoonlik na 5.00 nm., of 7.00 nm. of selfs later vir een, twee of soms drie aande per week klasse

111) Vergelyk die inligtingsbrosjures van die verskillende kolleges.

112) Witwatersrandse Tegniëse Kollege vir Gevorderde Tegniëse Onderwys. Beknopte Inligtingsbrosjure, p.10.

113) Ibid.

114) Pretoriëse Kollege vir Gevorderde Tegniëse Onderwys, Algemene Inligting, p.3.

115) Witwatersrandse Tegniëse Kollege vir Gevorderde Tegniëse Onderwys, op.cit., p.10.

by die kollege bywoon. Hierdie kursusse word byvoorbeeld aangebied in handel, staatsadministrasie, organisasie- en metodestudie, kosteberekening, bestuurswese, bankwese, onderwys, mediese tegnologie en baie ander vertakkinge van die wetenskap, tegnologie en bestuurswese.¹¹⁶⁾ Hierdie metode van opleiding, asook die gebruik van korrespondensiekursusse word ook vry algemeen in ander lande gebruik vir tegnisi-opleiding en in sommige lande ook vir die opleiding van professionele ingenieurs.¹¹⁷⁾

f. Korrespondensiekursusse.

n Groot verskeidenheid korrespondensiekursusse word aangebied vir die voordeel van diegene wat nie voltydse of deeltydse klasse kan bywoon nie of vir wie sodanige klasse nie beskikbaar is nie.¹¹⁸⁾ Die volgende kolleges verskaf tans korrespondensiekursusse:

- Kaapse Kollege vir Gevorderde Tegniëse Onderwys.
- Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniëse Onderwys.
- Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniëse Onderwys.¹¹⁹⁾

2. Kursusse wat deur die kolleges vir gevorderde tegniëse onderwys aangebied word.

Die kolleges vir gevorderde tegniëse onderwys bied n geweldige groot verskeidenheid van kursusse aan. Daar is haas nie n terrein buite die universiteite wat nie deur een of ander kursus verteenwoordig word nie. Ten einde n idee te kan vorm van die verskillende terreine waarvoor daar opleidings-

116) Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniëse Onderwys, op.cit., p.3.
 117) Warren. Vocational and technical education. A comparative study of present and future trends in ten countries, p.175.
 118) Witwatersrandse Tegniëse Kollege vir Gevorderde Tegniëse Onderwys, op.cit., p.10.
 119) Erudita Publikasies, op.cit., p.312.

geriewe by die kolleges bestaan, word die name van die verskillende departemente wat by die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniëse Onderwys bestaan, hieronder verstrek.

Dië lys van departemente is soos volg:

- a. Departement onderwysersopleiding
- b. Kunsskool
- c. Departement Huishoudkunde
- d. Musiekskool
- e. Departement Handel, Tale, Professionele- en bestuurskursusse.
- f. Sekretariële Skool.
- g. Departement Fisiese Wetenskappe en Farmasie
- h. Departement Biologiese Wetenskappe
- i. Departement Meganiëse Ingenieurswese
- j. Departement Elektrotegniese Ingenieurswese
- k. Departement Siviele Ingenieurswese
- l. Suid-Afrikaanse Weermag Tegniëse Opleidingsinstituut en Vakleerlingskool.
- n. Departement Liggaamlike Opvoeding, Gesondheid en Ontspanning.
- o. Buro vir Volwassene- en aanskouingsonderwys.¹²⁰⁾

Elk van bogenoemde departemente/afdelings bied n groot verskeidenheid van kursusse aan waarvoor bepaalde sertifikate of diplomas uitgereik word.

Behalwe die kursusse vir tegnisi wat vanweë die omvang en belangrikheid daarvan afsonderlik in die volgende afdeling behandel word, bied die kolleges sertifikate en diplomas in die volgende rigtings aan:

120) Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniëse Onderwys, op.cit., p.16-20.

Handel en verwante rigtings.

Nasionale Diploma in Handel
 Nasionale Diploma in Staatsadministrasie
 Nasionale Diploma in Organisasie- en Metodestudie
 Nasionale Diploma in Rekening- en Ouditkunde
 Nasionale Diploma vir Kosterekenmeesters
 Nasionale Sekretariële Sertifikaat.¹²¹⁾

Professionele kursusse.

Die Bankiersinstituut van Suid-Afrika.
 Die Geoktrooieerde Sekretarisse
 Die Korporasie van Sekretarisse
 Die Instituut van Gesertifiseerde Boekhouers.
 Die Instituut van Bestuurskunde en Handel van Suid-Afrika.¹²²⁾

Onderwysersopleiding.

Die volgende diploma-kursusse kan deur persone met 'n St. X-sertifikaat aan sekere tegniese kolleges of departementele opleidingsinrigtings gevolg word:

Nasionale Onderwysersdiploma (Handel) - 3 jaar
 Nasionale Onderwysersdiploma (Kuns) - 4 jaar
 Nasionale Onderwysersdiploma (Huishoudkunde) - 3 jaar
 Nasionale Onderwysersdiploma (Kleuteronderwys) - 3 jaar
 Nasionale Onderwysersdiploma (Ballet) - 3 jaar
 Nasionale Onderwysersdiploma (Tegnies) - 1 jaar
 Nasionale Onderwysersdiploma (Werkwinkel) - 1 jaar.

Laasgenoemde twee sertifikate kan ook deelyds of deur middel van korrespondensiekursusse aan die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys, verwerf word.¹²³⁾

121) Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing. Opleiding na Standaard X uitgesonderd opleiding aan universiteite en provinsiale onderwyskolleges, p.76.

122) Ibid.

123) Ibid., p.77.

Nasionale Tegniese Sertifikaat (Deel III, IV en V)

Die volgende kwalifikasies kan verwerf word:

(1) Nasionale Tegniese Sertifikaat (Deel III)

Drie vakke word vir die N.T.S. III vereis. Dit kan deur middel van deeltydse klasse verwerf word en volg op die N.T.S. II of toepaslike kwalifikasie. Hierdie sertifikaat is bedoel vir vakleerlinge en word normaalweg deur middel van groeopleiding of korrespondensiekursusse aangebied.

(2) Nasionale Tegniese Sertifikaat (Dele IV en V)

Hierdie sertifikaat word ook op 'n deeltydse basis aangebied en 'n jaar word aan elke deel gewy. Toelating word tot kandidate beperk wat die Nasionale Tegniese Sertifikaat (Deel III) of die Nasionale Senior Tegniese Sertifikaat suksesvol voltooi het. 'n Minimum van DRIE vakke moet vir elke deel van die sertifikaat voltooi word.

Gevorderde deeltydse tegniese kursusse vir die bogenoemde sertifikaat word gegee in:

Bootbou
 Bou-inspekteurs
 Boukunde
 Chemie
 Elektrotegniese Ingenieurswese
 Kleremakery
 Meganiese Ingenieurswese
 Struktuuringenieurswese
 Telekommunikasie
 Ventilasio
 Vliegtuigingeniëurswese. ¹²⁴⁾

124) Ibid.

Nasionale Tegniiese Diploma.

Behalwe die Nasionale Tegniiese Sertifikate word 'n aantal Tegniiese Diploma-kursusse ook aangebied. Hulle volg op die N.T.S. II. Sekere voorwaardes word gestel; sulke voorwaardes hang af van die spesifieke diploma, maar oor die algemeen word vereis dat daar in ses vakke geslaag word, een waarvan 'n amptelike taal op die senior sertifikaatvlak moet wees.

Die Nasionale Tegniiese Diploma word in die volgende rigtings aangebied:

Bootbou
 Boukunde
 Chemie
 Elektrotegniese Ingenieurswese
 Industriële Metallurgie
 Kleremakery
 Meganiese Ingenieurswese
 Produksie-ingenieurswese
 Struktuuringenieurswese
 Telekommunikasie
 Ventilasio
 Vliegtuigingenieurswese
 Elektrotegniese Tekene
 Meganiese Tekene
 Opmeting en Stadsbeplanning
 Siviele Tekene
 Struktuurtekene.¹²⁵⁾

3. Die opleiding van tegnisi.

a. Wat is tegnisi-opleiding?

Daar is reeds vroeër gemeld dat tegnisi-opleiding een van die hoofake van die kolleges vir gevorderde tegniiese onderrig is. Die vraag ontstaan egter wat presies met die begrip tegnikus bedoel word. In 'n publikasie van die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Onderwys word 'n tegnikus soos volg omskryf:

125) Ibid., p.78.

"The term 'technician' is a general one and is used to identify persons in responsible engineering posts requiring a degree of scientific and technical knowledge higher than that of the journeyman or skilled craftsman but lower than that of the engineer, technologist or scientist."¹²⁶⁾

Die toelatingsvereistes vir die opleiding van tegnisi is standerd X of N.T.S. III met Wiskunde en 'n wetenskapvak. Die opleiding geskied hoofsaaklik deur middel van stapelkursusse. Voltydse kursusse word egter ook aangebied.¹²⁷⁾ Die stapelkursus of voltydse diploma-kursusse by die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys in Suid-Afrika moet vergelyk word met die kursusse vir nie-akademiese of praktiese ingenieurs (dit wil sê aan Duitse ingenieurskole of tegniese kolleges) en nie met die kursusse vir tegnisi wat in sommige oorsese lande aangebied word nie, aldus dr. A.J. van Zyl, rektor van die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys.¹²⁸⁾

b. Kursusse vir tegnisi.

Teen die einde van 1966 is daar besluit dat die term tegnisi in die benaminge van die toekennings wat die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap ten opsigte van tegnisi-opleiding uitreik, ingesluit sal word.¹²⁹⁾

Die volgende lys van diplomas en sertifikate wat ten opsigte van tegnisi-opleiding uitgereik word, gee 'n beeld van wat hierdie soort opleiding inderdaad behels:

-
- 126) Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys. The technician industry, Tomorrow, p.33. Vergelyk ook Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys. Opleiding van tegnisi, p.1.
- 127) Van Zyl. Optimum use of manpower, p.68.
- 128) Ibid., p.70.
- 129) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1966, p.9.

(1) Algemene opleiding:(a) Hoër Nasionale Diploma vir Tegnici:

Elektrotegniese Ingenieurswese
 Meganiese Ingenieurswese
 Radio-ingenieurswese

(b) Nasionale Diploma vir Tegnici:

Analitiese Chemie
 Essaieerwerk en Metallurgiese Analise
 Biochemie
 Chemie: Aanlegbediening
 Siviele Ingenieurswese
 Steenkoolmynbou
 Bou-opsiening
 Elektroniese Ingenieurswese
 Elektrotegniese Ingenieurswese: Sterkstroom
 Gieterij-ingenieurswese
 Instrumentasie en Kontrole
 Instrumentasie en Ontwikkeling
 Marine-ingenieurswese
 Meganiese Ingenieurswese
 Mediese Laboratoriumtegniek
 Metaalmynbou
 Metallurgie
 Fisiese Metallurgie
 Fisika: Radioaktiewe Isotope
 Produksie-ingenieurswese
 Radio-ingenieurswese
 Spoorweginjaalingenieurswese
 Reduksiewerk
 Ruimkommunikasie
 Suikertegniek
 Stads- en Streeksbeplanning

(c) Nasionale Sertifikaat vir Tegnici.

Metaalmynbou
 Mynessaieerwerk
 Mynopmeting

(2) Staatsdiensopleiding:(a) Nasionale Diploma vir Tegnici:

Lugvaartradio
 Analitiese Chemie
 Landbou-Velddienste: Inspeksiedienste en
 Plantkunde
 Landbou-Velddienste: Voorligting en Grond-
 bewaring
 Landbou-Meganisasie
 Landbou-Velddienste: Inspeksiedienste en
 Dierkunde
 Landbou-Navorsing: Plantkunde
 Landbou-Navorsing: Dierkunde

Chemie-Materiaaltoetsing
 Motorvoertuigingingenieurswese
 Tekenkunde: Boukunde
 Tekenkunde: Siviël
 Tekenkunde: Meganies
 Tekenkunde: Kartografie
 Geologie
 Hidrologie
 Weerkunde
 Mikrobiologie
 Oseanografie
 Kadastraal
 Opmeting: Ingenieurswese
 Opmeting: Geodeties
 Opmeting: Topografies
 Telekommunikasie: Elektrotegniese Ingenieurs-
 wese
 Telekommunikasie: Meganiese Ingenieurswese

(b) Nasionale Sertifikaat vir Tegnici;

Telekommunikasie: Outomatiese Sentrales
 Telekommunikasie: Huurderstasies
 Telekommunikasie: Tekenkantore
 Telekommunikasie: Buite-aanleg
 Telekommunikasie: Buitestasies
 Telekommunikasie: Radio
 Telekommunikasie: Telegrafie
 Telekommunikasie: Werkwinkel
 Telekommunikasie: Stedelike draers.

- (c) In sekere gevalle word n Nasionale Sertifikaat vir Tegnici uitgereik nadat n student drie semesters tegniese opleiding aan n kollege voltooi het. Die finale diploma word toegeken slegs nadat die voorgeskrewe praktiese opleiding gedurende die vierde jaar suksesvol voltooi is. Die kursusse waarop bogenoemde betrekking het, is soos volg:

Tekenkunde: Boukunde
 Tekenkunde: Kartografie.
 Tekenkunde: Siviël
 Kadastraal
 Opmeting: Ingenieurswese
 Opmeting: Geodeties
 Opmeting: Topografies

(3) Die Suid-Afrikaanse Lugmag- en Leërpersoneel:Nasionale Diploma vir Tegnici:

Chemie (Verdedigingspersoneel)
 Vliegtuigingenieurswese
 Instrumentingenieurswese (vir S.A. Leër)
 Instrumentingenieurswese (vir S.A. Lugmag)
 Munisie
 Radio-ingenieurswese (Verdedigingspersoneel).¹³⁰⁾

Bogenoemde lys van kursusse word voortdurend aangevul namate die geriewe aan die kolleges dit toelaat. Die verwagting is dat die behoefte aan tegnici-opleiding in Suid-Afrika steeds sal groei aangesien daar reeds 'n groot tekort op hierdie terrein is.¹³¹⁾

4. Onderwysersopleiding.a. Historiese agtergrond.

Net soos wat die geval met onderwys in die algemeen is, was daar na Uniewording uit die staanspoor uit al onsekerheid oor wie vir onderwysersopleiding verantwoordelik moet wees. Die ou tweespalt was hier ook waarneembaar: Moes dit as hoër onderwys beskou word en deur die Unie-Onderwysdepartement behartig word, of moes dit deur die provinsies behartig word? Intussen is daar deur die Unie-Onderwysdepartement en die provinsies ooreengekom dat laasgenoemde vir hierdie soort opleiding verantwoordelik sou wees.¹³²⁾ Die gedagte het egter in sommige kringe bestaan dat die Unie-Onderwysdepartement onderwysersopleiding uiteindelik sou oorneem.¹³³⁾

Die Unie-Onderwysdepartement het egter self in 1913 begin om 'n onderwysersertifikaat uit te reik, nl. die Eersteklas Sertifikaat waarvoor kandidate by verskillende universiteitskolleges kon inskryf.¹³⁴⁾ In

130) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.17-18.

131) Van Zyl. Optimum use of manpower, p.70-71.

132) Cilliers, op.cit., p.7.

133) U.G. 37 - 1911, par. 1.

134) Malherbe. Education in South Africa, p.154-155.

die eerste jaar was daar 35 inskrywings vir hierdie Sertifikaat by vier verskillende inrigtings.¹³⁵⁾ Ook by die Tegnieese Kollege, Durban, is begin met die uitreiking van onderwyserssertifikate in huishoudkunde, kuns en handel.¹³⁶⁾ Die provinsiale onderwysdepartemente het benewens die gewone onderwysersopleiding ook opleiding vir tegnieese onderwysers verskaf.¹³⁷⁾ Die gevolg was dat verskillende instansies hulle op die terrein van onderwysersopleiding begewe het.

In 1917 is die reg tot onderwysersopleiding aan die Unie-Onderwysdepartement toegeken deur Wet No. 20 van 1917, dog in 1922 het Wet No. 5 van 1922 onderwysersopleiding weer in die rigting van die provinsies gestuur toe dit uitgelaat is uit die omskrywing van hoër onderwys.¹³⁸⁾ Met ander woorde, volgens wetlike bepaling kon die Unie-Onderwysdepartement na 1922 self nie meer hierdie soort opleiding verskaf nie. Artikel 12 van Wet No. 5 van 1922 het die provinsies bowendien gemagtig om die nodige fondse vir onderwysersopleiding aan te wend.¹³⁹⁾ Die Unie-Onderwysdepartement het sy uitreiking van die Eersteklas Sertifikaat gevolglik ook in 1923 gestaak. Dit sou vervang word deur diplomas wat deur die verskillende universiteite uitgereik sou word.¹⁴⁰⁾

Die reg om onderwysers op te lei is egter deur die Hoger Onderwijs Wet van 1923 (Wet No. 30 van 1923) aan die tegnieese kolleges toegeken.¹⁴¹⁾ Na aanleiding van die opleiding van onderwysers aan die kolleges is hierdie opleiding later weer in die wetlike omskrywing van hoër

-
- 135) Annual Report of the Union Education Department, 1913, p.6.
 136) Annual Report of the Union Education Department, 1916-1917, p.59.
 137) Annual Report of the Union Education Department, 1912, p.16.
 138) Finansiële Verhoudings Vierde Verlengingswet, artikel 11.
 139) Hierdie bepaling is herhaal in latere wette, waaronder die hoofwet wat die finansiële bevoegdhede van die provinsies bepaal, Wet No. 38 van 1945.
 140) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1923, p.2.
 141) Wet No. 40 van 1967, artikel 2(2)(a).

onderwys opgeneem.¹⁴²⁾ In die Wet op Gevorderde Teg-
niese Onderwys word ook eksplesiet genoem dat onderwysers-
opleiding een van die werksaamhede van n kollege vir ge-
vorderde tegniese onderwys is.¹⁴³⁾

Uit hierdie historiese agtergrond is die patroon
vir die onderwysersopleiding oor n tydperk van ongeveer
vyftig jaar geskep.

Die volgende tabel dui die toename in onderwysers-
opleiding onder die sentrale onderwysdepartement se
toesig oor n aantal jare aan.

TABEL XVIII. AANTAL STUDENTE WAT AS ONDERWYSERS BY
KOLLEGES ONDER BEHEER VAN DIE SENTRALE
REGERING OPGELEI IS, 1947 - 1958.

<u>Jaar</u>	<u>Aantal studente</u>
1947	103
1948	124
1949	141
1950	132
1951	125
1952	135
1953	144
1954	145
1955	171
1956	184
1957	402
1958	437 ¹⁴⁴⁾

Dit blyk uit die tabel hierbo dat die grootste toe-
name vanaf 1957 plaasgevind het, veral as gevolg van
die skepping van verdere fasiliteite vir onderwysers-
opleiding waaronder die voltydse kursusse vir tegniese
en ambagsonderwysers aan die Pretoriase Tegniese Kollege.

142) Vide Wet No. 38 van 1945, artikel 17 en Wet No. 70 van
1955, artikel 34.

143) Wet No. 30 van 1923, artikel 20(1).

144) National Bureau for Educational and Social Research. A
Comparative study of the training of European teachers
in South Africa, p.104.

Gedurende dieselfde tydperk was die toename in die totale aantal studente wat hulle by verskillende soorte inrigtings as onderwysers laat oplei het, soos volg:

Onderwyskolleges	: 7,7%
Universiteite	: 3,6%
Tegniese Kolleges	: 11,1%
Totale toename	: 7,4% ¹⁴⁵⁾

b. Algemeen.

Soos gesien, is een van die funksies van die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys om onderwysersopleiding te verskaf. Vir baie jare lank al bied die vier groot, staatsondersteunde kolleges, dit wil sê dié te Johannesburg, Pretoria, Kaapstad en Durban, hierdie soort opleiding. Die onderwysersopleiding in hierdie kolleges het ontstaan uit die behoefte aan professioneel-gekwalfiseerde onderwysers in sekere gespesialiseerde rigtings soos veral in die inrigtings onder die Departement se beheer benodig word. Die onderwysers wat hier opgelei word, tree gewoonlik in diens by beroepskole, inrigtings vir buitengewone onderwys, tegniese kolleges, tegniese institute of kolleges vir gevorderde tegniese onderwys.¹⁴⁶⁾ Daarom vind ons by die kolleges veral die opleiding vir handels-, tegniese en ambagsonderwysers en nie opleiding van 'n algemene aard soos wat deur die provinsiale opleidingskolleges gebied word nie.

Die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys is egter nie ál inrigtings wat onder die Departement van Nasionale Opvoeding ressorteer, waar onderwysersopleiding verskaf word nie. Daar bestaan ook enkele ander kolleges wat opleiding aan aspirant kuns-, kleuter- en huishoudkunde-onderwysers voorsien. 'n Volledige beeld van die onderwysersopleiding wat tans onder die Departement van Nasionale Opvoeding se toesig verskaf word, is die volgende:

145) Ibid., p.105.

146) Human Sciences Research Council. Education in South Africa, p.75.

Handel - aan die Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys te Pretoria, Durban en Kaapstad.

Huishoudkunde - aan die Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys te Pretoria, Durban en Kaapstad en die Opleidingskollege vir Huishoudkundige Onderwyseresse, Johannesburg.

Kuns - aan die Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys te Pretoria, Durban en Port Elizabeth en die Kollege vir Kuns, Johannesburg.

Kleuterskoolopleiding - aan die Barkleyhuis-opleidingskollege vir Kleuterskoolonderwyseresse, Claremont en die Opleidingskollege vir Kleuterskoolonderwyseresse, Johannesburg.

Tegnies - aan die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys.¹⁴⁷⁾

Uit die lys hierbo sal ook opgemerk word dat al die soorte opleiding nie by al die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys verskaf word nie. Die opleiding word op 'n voltydse en deeltydse basis aangebied, asook in die meeste gevalle deur middel van korrespondensiekursusse.

Al die kursusse lei tot die verwerwing van een of ander soort Nasionale Onderwysersdiploma. Die kursusse en eksamens word gereël en afgeneem volgens die regulasies deur die Departement opgestel. In die meeste gevalle word die Nasionale Senior Sertifikaat of enige ander gelykwaardige sertifikaat as toelatingsvereiste gestel.¹⁴⁸⁾ Dit word ook deur die Departement vereis dat by alle kolleges vir gevorderde tegniese onderwys waar onderwysersopleiding verskaf word, die kandidate voor toelating deur 'n keurkomitee gekeur moet word. Die keuring geskied op sterkte van 'n persoonlike onderhoud, vertroulike verslae van prinsipale of inspekteurs

147) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.21.

148) National Bureau for Education and Social Research. Education in South Africa, p.32.

en die inligting op die aansoekvorms. Die prosedure is soortgelyk aan dié van die Transvaalse Onderwysdepartement.¹⁴⁹⁾

Die onderwysersopleiding in die kolleges onder die sentrale onderwysdepartement se beheer, het gedurende die laaste vyf jaar¹⁵⁰⁾ soos volg daar uitgesien:

TABEL XIX. ONDERWYSERSOPLEIDING (VOLTYDS EN DEELTYDS) AAN DIE INRIGTINGS ONDER DIE DEPARTEMENT SE BEHEER, 1966 - 1970

<u>Inrigtings</u>	<u>1966</u>	<u>1967</u>	<u>1968</u>	<u>1969</u>	<u>1970</u>	<u>Gemiddeld per jaar</u>
1. Departementele opleidingskolleges en n kollege vir kuns (a)	221	241	232	262	247	240,60
2. Departementele tegniese kolleges	17	34	20	15	36	24,40
3. Kolleges vir gevorderde tegniese onderwys (b)	413	419	429	462	501	444,80
TOTAAL	651	694	681	739	784	709,80 ¹⁵¹⁾

(a) Die Kollege vir Kuns se statistiek is vanaf 1969 bygereken.

(b) Vanaf 1969 is die twee departementele kolleges vir gevorderde tegniese onderwys ook hierby ingesluit.

Die tabel toon in die eerste instansie dat die kolleges vir gevorderde onderwys die meeste onderwysers oplei (byna twee derdes), terwyl die ander opleidingskolleges vir kleuter- en huishoudkunde-onderwyseresse (asook kuns in n geringe mate) vir ongeveer n derde van die totaal verantwoordelik is. As die tydperk van vyf jaar in sy geheel in oënskou geneem word, dan blyk dit dat daar by al drie groepe kolleges n toename in studentetalle was.

149) National Bureau for Educational and Social Research. A comparative study of the training of European teachers in South Africa, p.12.

150) Die laaste amptelike beskikbare syfers is dié van 1970 (1971-jaarverslag).

151) Syfers verkry uit die Departement se jaarverslae vir die betrokke jare.

As gevolg van wetgewing wat in die sestigerjare deur die Nasionale Adviserende Onderwysraad voorberei is, lê n verandering in die stelsel van onderwysersopleiding in Suid-Afrika voor die deur. Hierdie verandering sal die Departement van Nasionale Opvoeding ook raak. In die Wysigingswet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1969¹⁵²⁾ word die koördinering van die onderwysersopleiding in Suid-Afrika bewerkstellig deur die bepaling dat die opleiding van blanke persone as onderwysers vir sekondêre skole slegs deur universiteite verskaf mag word. Die Departement het, behoudens sekere voorwaardes, gracie tot 31 Desember 1976 vir die opleiding van onderwysers.¹⁵³⁾ Daarna sal die opleiding in samewerking met die universiteite geskied.

In n persverklaring wat die Minister van Nasionale Opvoeding in Augustus 1971 uitgereik het, het hy verklaar dat persone wat hulle vir die eerste maal vir opleiding as onderwysers vir sekondêre skole wil laat inskryf, met ingang van 1 Januarie 1972 slegs tot universiteite vir sodanige opleiding toegelaat sal word, behalwe persone wat hulle vir 1-, 2- of 3-jarige kursusse aan kolleges van die Departement van Nasionale Opvoeding wil laat inskryf.¹⁵⁴⁾

c. Soorte onderwysersopleiding.

Handel.

Die Nasionale Onderwysersdiploma in Handel word as n driejarige kursus vir voltydse studente aangebied. Dit kan egter ook op n deeltydse basis oor twee jaar gevolg word deur kandidate wat òf die Nasionale Diploma in Handel, die B.Comm.-graad, die C.I.S. of enige ander Diploma in Handel of Boekhou besit plus twee jaar handels- of onderwyservaring. Die deeltydse kursus word ook as n korrespondensiekursus aangebied.¹⁵⁵⁾

152) Wet No. 73 van 1969.

153) Wet No. 39 van 1967, artiekl 1A(2).

154) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.11.

155) Human Sciences Research Council. Education in South Africa, p.76.

Tegnies.

Die Nasionale Onderwysersdiploma (Tegnies) is n voltydse eenjarige kursus. Dit vereis n toepaslike graad of Nasionale Tegniese Diploma as toelatingskwalifikasie. Hierdie Diploma kan egter ook deelydse of deur middel van n korrespondensiekursus verwerf word.¹⁵⁶⁾

Werkwinkel.

Die Nasionale Onderwysersdiploma (Werkwinkel) is ook n voltydse eenjarige kursus. Toelatingsvereistes is n Nasionale Senior Sertifikaat (Tegnies), n erkende vakleerlingskap, asook n minimum van twee jaar toepaslike na-vakleerlingskapse ambagservaring.¹⁵⁷⁾

Kuns.

Die Nasionale Onderwysersdiploma (Kuns) kan op een van die volgende maniere verwerf word:

- (1) n Vierjarige voltydse kursus vir studente wat n Nasionale Senior Sertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie besit;
- (2) n driejarige voltydse kursus vir nie-gegradueerdes wat n erkende onderwyserssertifikaat besit waarvan die opleiding nie minder as twee jaar geduur het nie;
- (3) n voltydse eenjarige kursus vir persone in besit van n goedgekeurde B.A. (Skone Kunste)-graad; en
- (4) n tweejarige deelydse kursus vir persone in besit van die Nasionale Diploma in Kuns en Ontwerp (n gedeelte van hierdie kursus kan ook deur middel van korrespondensie gevolg word.¹⁵⁸⁾

156) Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing. Opleiding na st. X uitgesonderd opleiding aan universiteite en provinsiale onderwyskolleges, p.77.

157) Ibid.

158) Human Sciences Research Council. Education in South Africa, p.76.

Huishoudkunde.

Die Nasionale Onderwysersdiploma (Huishoudkunde) is n voltydse kursus van drie jaar vir kandidate wat in besit van n Standerd X-sertifikaat is.¹⁵⁹⁾

Kleuteronderwys.

Hierdie soort opleiding word deur die Barklyhuis-opleidingskollege vir Kleuterskoolopvoeding, Claremont en die Opleidingskollege vir Kleuterskoolonderwyseresse, Johannesburg, verskaf. Die Nasionale Onderwysersdiploma (Kleuteronderwys) word aangebied òf as n driejarige voltydse kursus met die Nasionale Senior Sertifikaat (of gelykwaardige kwalifikasie) as toelatingsvereiste, òf as n voltydse eenjarige kursus met n universiteitsgraad (met een van n aantal uitgesoekte vakke as hoofvak) as toelatingsvereiste.¹⁶⁰⁾

-----oOo-----

159) Ibid., p.76.

160) National Bureau for Educational and Social Research.
A comparative study of the training of European teachers
in South Africa, p.196.